VIËTNAM
15 – 28 OKTOBER 2023

Oktober

So 15 JOHANNESBURG – SINGAPOER

Toerlede ontmoet op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** vir vlug **SQ 479** wat om **13:45** via **Singapoer** na **Hanoi** vertrek. Sorg asseblief dat u reeds tussen **09:45** en **10:45** by *Singapore Airlines* se inweegtoonbanke is.

Ma 16 SINGAPOER – HANOI

Ons land vanoggend om **06:10** in **Singapoer**, waarvandaan ons om **09:15** 'n aansluitingsvlug na **Hanoi** neem vir aankoms om **11:25**. 'n Plaaslike gids wag ons op die Noi Bai-internasionale lughawe in.

Hanoi is nie net die hoofstad nie, maar ook die tweede grootste stad en kulturele en politieke sentrum van Viëtnam. Daar is oral tekens van goed bewaarde Franse koloniale argitektuur, talle historiese landmerke uit die keiserlike tydperke in die Viëtnamese geskiedenis en talle museums in Hanoi.

Ons geniet aandete in die hotel waar ons oornag.

Di 17 HANOI

Ná ontbyt besoek ons die ***Ba Dinh Square,*** waar oudpresident Ho Chi Minh in 1945 die onafhanklikheid van die demokratiese republiek van Viëtnam aangekondig het. Ho Chi Minh, wat as die land se grootste held beskou word, se begrafnis is op hierdie historiese terrein gehou en wagte bewaak tot vandag toe in stilte die marmermausoleum waar hy ter ruste gelê is. Die binnekant van die mausoleum kan besoek word.

Ons spandeer tyd by die beskeie houthuisie waar 'Oom Ho' tot sy dood in 1960 geleef en gewerk het. Daarna besoek ons die Ho Chi Minh-museum wat aan die 'vader van die land' opgedra is en die evolusie van Viëtnam se onafhanklikheid uitbeeld.

Voort na die ***One Pillar Pagoda*** – een van Viëtnam se mees ikoniese Boeddhistiese tempels wat uit 1049 dateer. Ons laaste besoekpunt vandag is die ***Thang Long Royal Citadel***, 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied wat gedurende die 11de eeu deur die Ly Viet-dinastie gebou is. Hierdie belangrike historiese terrein het vir agt eeue as Viëtnam se hoofkwartier gedien.

Ná middagete verken ons **Hanoi** verder. (Ons plaaslike gids sal ons touwys maak m.b.t. die Viëtnamese koskultuur en gewilde tipies Viëtnamese geregte en versnaperinge.) Besoekpunte sluit die operahuis en die Hoan Kiem-meer, beter bekend as die '*Lake of the restored sword',* in*.* Gedurende u vrye tyd in Hanoi, kan u o.a. die tempel van literatuur (opgedra aan Confucius en later Viëtnam se eerste universiteit), een van die talle museums in die stad of die area bekend as '*36 Streets*' besoek.

Voordat ons terugkeer hotel toe, ontdek ons een van Hanoi se bes bewaarde geheime: Een van die min versteekte kafeetjies in die stad wat 'n asemrowende uitsig oor die Hoan Kiem-meer bied en waar een van die stad se heerlike, plaaslike lekkernye, eierkoffie, geniet kan word!

Aandete en oornag in ons hotel.

Wo 18 HANOI

Ons geniet ontbyt en sit daarna ons verkenningstog van **Hanoi** voort.

Daar het min oorgebly van die eens indrukwekkende sitadel van Hoa Lu, die antieke hoofkwartier van die Dinh- en Le-dinastieë wat uit die 11de eeu dateer. Ons besoek van die tempels wat wel nog staande gebly het. Diegene wat kans sien, kan die nagenoeg 200 trappies van die Dai Hanh- en Dinh Tien Hoang-tempel bestyg. Dit bied 'n belonende uitsig oor die omliggende omgewing.

Hoa Lu en die omliggende provinsie van Ninh Binh is vandag beter bekend vir die uitsonderlike natuurskoon en die landskap met ongewone klipformasies.

Ons besoek Boeddha se aanbiddingsplek in **Bai Dinh** – die grootste Boeddhistiese pagoda in Viëtman, met nie minder nie as 500 La Han-standbeelde. Dit sluit die grootste bronsstandbeeld van Boeddha in Viëtnam in: 10 m hoog en 100 ton swaar! Ná middagete onderneem ons 'n rustige rit per roeiboot na die skilderagtige landskap van **Trang An**. By hierdie UNESCO-wêrelderfenisgebied besoek ons ook die grotkompleks van Trang An – 'n besondere natuurbelewenis. Ons keer laatmiddag terug na ons hotel in Hanoi, waar ons vanaand aandete geniet.

Do 19 HANOI – HALONG

Ons vertrek ná 'n vroeë ontbyt na **Halong**. Ná aankoms in dié stad haal ons 'n boot na **Halongbaai**. Ons geniet 'n heerlike middagete aan boord terwyl ons op die smaraggroen water verby rotsagtige en welige groen eilandjies vaar.

Halongbaai is bekend vir die talle grotte, versteekte poele en mistieke eilandjies wat in hierdie omgewing voortkom. U het geleentheid om een van die boot se opsionele uitstappies te onderneem of om die omgewing op u eie of d.mv. een van die plaaslike bamboesroeibote te verken. 'n Mens kan natuurlik ook net aan boord bly en die pragtige uitsig vanaf die boot se sondek geniet.

Afhangende van die weer word aandete op die boot se dek of in die eetkamer bedien.

Vr 20 HANOI – HALONG – DANANG – HOI AN

Diegene wat vroeg genoeg opstaan, het die geleentheid om die sonsopkoms oor die baai te geniet. Ná 'n ligte ontbyt verken ons die area verder. Ons geniet 'n noenmaal aan boord terwyl ons vir oulaas die pragtige uitsig oor Halongbaai inneem.

Ons arriveer laatoggend/vroegmiddag by die hawe, van waar ons na die **Noi Bai-lughawe** geneem word vir ons binnelandse vlug na **Danang**.

'n Plaaslike gids ontmoet ons op die lughawe in Danang en vergesel ons na ons hotel in **Hoi An** – ongeveer 30 km suid van Danang. Die res van die middag is beskikbaar vir vrye tyd om te rus of inkopies te doen. Die ou deel van hierdie hawedorp is 'n verkeervrye sone en dus heerlik om te voet te verken. Die dorpie is in geheel as 'n UNESCO-wêrelderfenisgebied gelys.

Aandete en oornag in hotel.

Sa 21 HOI AN

Maak seker dat jy vanoggend 'n koppie *Ca Phe Sua Da* (Viëtnamese koffie) by jou ontbyt insluit!

Ons besoek **Hoi An** se lewendige mark waar daar geleentheid is om met die plaaslike uitstallers te gesels en bestanddele aan te skaf vir ons kookles later vandag! Ons onderneem 'n kort wandeling langs die pier en bestyg dan 'n klein bootjie waarvandaan ons 'n ontspanne rit op die Thu Bon-rivier na 'n plaaslike kookskool onderneem. Hoi An is regoor Viëtnam bekend vir sy heerlike spesialiteitsgeregte, en vanoggend se kookklas sluit van die streek se mees gesogte geregte in. Ons onderneem 'n toer deur die skool se groente- en kruietuin voordat ons ons soos wafferse Viëtnamese sjefs gedra. Die kookklas duur ongeveer 2 ure en middagete, 'n demonstrasie van Viëtnamese groentekerfwerk en die versiering van borde word by die ondervinding ingesluit.

Ons besoek vanmiddag die ikoniese 40 jaar oue Japannese brug en besige waterfront, waar inkopies in van die talle galerye en boetieks aan die orde van die dag is. Die kleurvolle vissersbootjies op die Thu Bonrivier skilder 'n pragtige hartsfoto.

Maak gerus tyd om van die bekende, plaaslike koek soos *Banh It la Gai* of *Banh Dau Xanh* by Hoi An-mark te probeer.

Ons sluit die dag af met 'n rit op 'n gemotoriseerde boot op die Thu Bonrivier voordat ons na ons hotel terugkeer vir aandete en 'n welverdiende nagrus.

So 22 HOI AN – HUE

Vandag is 'n rustige dag. Diegene wat wil, kan vanoggend bietjie langer slaap en 'n laat ontbyt geniet. Ons vertrek eers tussen 11:00 – 12:00 op 'n natuurskone roete na **Hue**. Hue is in sentraal-Viëtnam geleë en was van 1802 tot 1945 die nasionale hoofstad.

Die busrit duur 3,5 uur en ons gaan met aankoms direk na ons hotel waar ons ontspan totdat aandete bedien word.

Ma 23 HUE

Hue is veral bekend vir die keiserlike sitadel in dié stad. Dit is dan ook ons eerste besoekpunt vandag. Hierdie indrukwekkende struktuur het te midde van 'n interessante geskiedenis met talle uitdagings merkwaardig ongeskonde gebly. Ná ons besoek aan die geskiedkundige vesting, onderneem ons 'n bootrit op die Perfume-rivier na die **Thien Mu-pagode**. Dié koepelvormige gedenkmonument bestaan uit sewe verdiepings en is die hoogste godsdienstige gebou in Viëtnam.

Op die terrein wat die pagode omring, kan die Austin-motorkar gesien word waarin Thich Quang Duc, 'n Boeddhistiese monnik wat gedurende die Viëtnamese oorlog teen die regering betoog het, in 1963 na sy selfverbranding vervoer is.

Ná middagete besoek ons die grafte van Tu Duc en Khai Dinh. Die finale rusplek van dié twee keisers is met opset langs die pragtige landskap teen die Perfume-rivier opgerig omdat dit die plek was waar hulle gedurende hulle skemerjare ontspan, visgevang en gejag het. Die lewenstyle van die twee gestorwe keisers word duidelik in hulle grafte weerspieël.

Aandete en oornag in ons hotel in Hue.

Di 24 HUE – HO CHI MINH

Ons plaaslike gids vergesel ons gedurende die oggend na die **Danang-lughawe** vir ons vlug na **Ho Chi Minh**. Hierdie stad was vroeër bekend as Saigon en is een van die gewildste toeristebestemmings in Viëtnam.

Aandete en oornag in 'n hotel in die stadsentrum.

Wo 25 HO CHI MINH

Ná ontbyt verken ons die fassinerende, ondergrondse tonnels van die stad. Dié netwerk van ondergrondse gange by **Chu Chi** is sinoniem met die Viëtnamese oorlog en 'n getuigskrif van die vasberade gees van die Viëtnamese. Die werk aan die tonnels het gedurende die oorlog teen die Franse in die 1940's begin en is oor die daaropvolgende 25 jaar verbeter namate die konflik tussen Viëtnam en Amerika geëskaleer het. Hierdie tonnels is tot 'n ondergrondse stad van o.a. vergaderplekke, stoorkamers en woonkwartiere ontwikkel. Twee afdelings van hierdie merkwaardige ondergrondse netwerk is as 'n gedenkpark bewaar en kan besoek word. Persone bo 70 word nie in die tonnels toegelaat nie. Persone wat wel ingaan moet braaf wees en bereid wees om vol stof uit te kom. Daar is genoeg bo-gronds om die sewentig-plussers besig te hou.

Ons besoek vanmiddag die herenigingspaleis – vroeër bekend as die presidentiële paleis. Hierdie belangrike landmerk in **Ho Chi Minh** het op 30 April 1975 sy plek in die geskiedenis verseker toe die eerste Noord-Viëtnamese oorlogstenks hier verbygedreun en die val van Saigon en uiteindelik die einde van die Viëtnamese oorlog aangekondig het. Dit is vandag 'n museum. Nadat ons tyd hier spandeer het, stap ons 'n entjie na die Notre Dame-katedraal. Dié romantiese kerk in die sentrum van Ho Chi Minh se regeringsdistrik dateer uit die laat 19e eeu en vorm 'n gewilde agtergrond vir troufoto's. Reg oorkant die katedraal is die stad se treffende poskantoor wat uit die Franse koloniale era dateer. Hotel de Ville de Saigon, die amptelike stadsaal, is een van die ander prominente geboue hier terwyl die museum van Viëtnamese geskiedenis nóg 'n goeie voorbeeld van sino-Franse argitektuur uitbeeld. Uitstallings in die museum sluit items uit die bronstydperk in, tot dié van die Nguyen-dinastie, die laaste familie wat Viëtnam regeer het.

Ons laaste besoekpunt vandag is die onvergeetlike **Jade Emperor-pagode.** Die skerp reuk van wierook, sierlike uitsnywerk en imposante standbeelde dra by tot die atmosfeer wat hierdie taoïstiese tempel een van die gewildste aanbiddingsplekke in die stad maak.

Toerlede het die keuse om terug te keer hotel toe of onderweg daarheen by die **Ben Thanh-mark** af te klim en tyd hier deur te bring.

Aandete word in ons hotel genuttig.

Do 26 HO CHI MINH

Ons geniet vanoggend 'n vroeë ontbyt en vertrek reeds 08:00 na die hawe van **Ben Tre** – een van die land se mees suidelike provinsies, geleë in die delta van die Mekongrivier. Ons ry verby die Rach Mieu-brug voor ons die Huu Dinh-gehuggie bereik. Hier onderneem ons 'n opwindende uitstappie op driewielmotorfietse deur welige rysvelde en op smal dorpspaaie langs vrugteplase.

Met aankoms by die waterfront gaan ons aan boord van die bekoorlike *Mango Cruise* vir 'n mooi blik op die delta-landskap terwyl ons kokosneutsap geniet! Ons besoek ook 'n kokosneut- of klapperverwerkingsaanleg voordat ons ons vaart voortsit. Ons ontskeep by 'n winkel waar die plaaslike inwoners steeds eeue-oue tradisionele metodes gebruik om bakstene met die hand te maak. Van hier af onderneem ons 'n 4 km lange fietsrit rondom die dorpie **Phong Nam**. Ons ry deur verskeie tuine en stop by 'n kokosneutdistilleerdery. Die drank wat hier vervaardig word, is gewild onder die mense in Viëtnam. Dit is 'n soet, effens gefermenteerde sap wat van die jong kokosneutblomme vervaardig word en is klaarblyklik baie gesond! Ons ry 'n verdere 10 – 15 minute op fietse tot by Mev. Huong se huis. Sy en haar familie is selfonderhoudende vissers en boere. Ons word in haar tuin met tropiese vrugte en heuningtee getakteer voordat ons per sampan ('n bootjie wat tipies in lande soos Viëtnam vir die vervoer van mense en goedere aangewend word) die doolhof van kanaaltjies in hierdie area ontdek. (Ons hoef darem nie self die sampan te roei nie!)

Terug aan boord van die *Mango Cruise* geniet ons 'n vyfgangmiddagete. Daarna stap of ry ons per fiets vir ongeveer 500 m op dorpspaaie verby plaaslike huisies met groen tuine tot by mnr. Sau Tuong se huis. Mnr Tuong was 'n Viëtkong-soldaat en kan onder andere getuig hoe hy vir twee jaar teen die Khmer Rouge in Phnom Penh geveg het. Vandag leef hy en sy vrou van die ryspapier wat hulle maak.

Ons boot, wat daar naby vir ons lê en wag, neem ons terug na Ben Tre, van waar ons terugkeer na **Ho Chi Minh**. Ons geniet vir oulaas saam aandete in die hotel.

Vr 27 HO CHI MINH – SINGAPOER – JOHANNESBURG

Ons kan vanoggend op ons eie tyd ontbyt eet en tot middagete die dag geniet om in te pak, vir oulaas inkopies te doen en ons gunsteling Viëtnamese kos of versnaperinge te geniet. Ons vertrek ná middagete vanaf die hotel na die lughawe vir vlug SQ 185 wat om 19:40 na Singapoer vertrek. Ons land om 22:40 vanaand in Singapoer, van waar ons met vlug SQ 478 na Johannesburg vertrek.

Sa 28 JOHANNESBURG

Ons land om **06:10** vanoggend in **Johannesburg** met mooi herinneringe aan 'n unieke toer.